SALLIES

VOORLOPIGE GEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2009

HOOGTEPUNTE

- **Bedryfswins van mynbedrywighede styg tienvoudig**
- **Wins voor Honeywell, aandeelgebaseerde betalings en Buffalo-waardedaling styg van verlies van R31 miljoen tot wins van R44 miljoen**
- **Voortgesette verbeterings aan Witkop se bedryfstandaarde**
- **Albei bedrywighede tydelik uit bedryf gestel weens markineenstorting**
- **Toereikende kontantmiddele tot einde FJ2010**
- **Debiet van R11 miljoen om ten volle voorsiening te maak vir Honeywell-toekenning**

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

R'000	%-verandering	**Jaar geëindig 30 Jun 09 Geouditeer**	Jaar geëindig 30 Jun 08 Geouditeer
Inkomste – mynbou	50	**251 928**	168 117
Netto valuta(verliese)/winste	(293)	**(9 259)**	4 794
Koste van verkope	2	**(144 406)**	(147 549)
Wins uit mynbou-aktiwiteite	287	**98 263**	25 362
Min: Depresiasie	(9)	**(16 862)**	(15 501)
Amortisasie van mineraalregte	9	**(1 850)**	(2 023)
Bedryfswins uit mynbou-aktiwiteite	915	**79 551**	7 838
Wins/(Verlies) met verkoop van aanleg en toerusting	179	**257**	(323)
Administratiewe uitgawes	2	**(27 650)**	(28 110)
Finansieringskoste op lenings	83	**(1 654)**	(10 009)
Beleggingsinkomste	3 406	**1 087**	31
Aandeelgebaseerde betalings		**(7 207)**	–
Wins/(Verlies) voor Honeywell, aandeelgebaseerde betalings en Buffalo-waardedaling	25	**44 384**	(30 573)
Voorsiening vir Honeywell-vereffeningstoekenning		**(9 626)**	–
Voorsiening vir Honeywell-toekenningsrente		**(1 658)**	–
Veronderstelde rente op omskepbare skuldbriewe	(213)	**(2 892)**	(1 359)
Aandeelgebaseerde betalings	16	**(8 779)**	(10 466)
Wins/(Verlies) voor Buffalo-waardedaling		**21 429**	(42 398)
Buffalo-waardedaling		**(74 592)**	–
Verlies voor belasting	(25)	**(53 163)**	(42 398)
Belasting		**–**	–
Verlies vir die jaar	(25)	**(53 163)**	(42 398)
Uitgereikte aandele ('000)		**642 220**	634 981
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele ('000)		**640 725**	631 264
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele vir verwaterde verlies per aandeel ('000)		**640 725**	661 798
REKONSILIASIE VAN VERDIENSTE			
Netto verlies toeskryfbaar aan aandeelhouers vir basiese verdienste per aandeel	(25)	**(53 163)**	(42 398)
(Wins)/Verlies met verkoop van aanleg en toerusting	179	**(257)**	323
Uitwerking van waardedaling van uitbedryfstelling van bate		**–**	(2 205)
Uitwerking van waardedaling van Buffalo vaste bates		**68 072**	–
Netto wesensverdienste/(-verlies) toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	133	**14 652**	(44 280)
WINS/(VERLIES) PER AANDEEL			
Verlies per aandeel (sent)	(24)	**(8,3)**	(6,7)
Verwaterde verlies per aandeel (sent)	(25)	**(8,3)**	(6,6)
Wesenswins/(-verlies) per aandeel (sent)	133	**2,3**	(7,0)
Verwaterde wesenswins/(-verlies) per aandeel (sent)	133	**2,3**	(6,9)

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

R'000	**Jaar geëindig 30 Jun 09 Geouditeer**	Jaar geëindig 30 Jun 08 Geouditeer
Netto kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	**39 802**	(38 561)
Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(29 556)**	(21 295)
Netto kontant(uitvloei)/-invloei uit finansieringsaktiwiteite	**(4 595)**	114 090
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	**5 651**	54 234
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	**25 380**	(28 854)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	**31 031**	25 380

VERKORTE SEGMENTELE VERSLAG

R'000	Witkop	Buffalo	Ander	Groep
Jaar geëindig 30 Junie 2008				
Segmentele (verlies)	(861)	(16 865)	(24 672)	(42 398)
Totale bates	141 931	91 290	21 684	254 905
Totale laste	(38 383)	(14 515)	(60 682)	(113 580)
Jaar geëindig 30 Junie 2009				
Segmentele wins/(verlies)	**61 580**	**(77 688)**	**(37 055)**	**(53 163)**
Totale bates	**204 556**	**6 345**	**7 936**	**218 837**
Totale laste	**(33 439)**	**(11 563)**	**(74 548)**	**(119 550)**

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

R'000	**30 Jun 09 Geouditeer**	30 Jun 08 Geouditeer
BATES		
Nie-bedryfsbates	**104 292**	161 804
Beleggingseiendomme	**3 167**	3 167
Klandisiewaarde	**10 175**	10 175
Eiendom, aanleg en toerusting	**89 018**	146 827
Beperkte beleggings	**1 932**	1 635
Bedryfsbates	**114 546**	92 561
Voorraad	**64 022**	46 390
Ander finansiële bates	**–**	498
Rekeninge ontvangbaar	**12 974**	17 504
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	**2 789**	2 789
Kontant en kontantekwivalente	**34 761**	25 380
Totale bates	**218 838**	254 365
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes	**99 288**	140 785
Aandelekapitaal en -premie	**284 787**	281 053
Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag ekwiteit te wees	**17 102**	17 960
Reserwe van aandeelgebaseerde betalings	**19 981**	11 191
Opgehoopte verlies	**(222 582)**	(169 419)
Nie-bedryfslaste	**81 148**	87 880
Langtermynlenings	**3 926**	7 957
Voorsiening vir omgewingsrehabilitasie	**19 192**	20 783
Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag skuld te wees	**58 030**	59 140
Bedryfslaste	**38 402**	25 700
Handels- en ander betaalbare rekeninge	**30 642**	21 105
Bankoortrekking	**3 730**	–
Lopende gedeelte van langtermynlenings	**4 030**	4 595
Totale ekwiteit en laste	**218 838**	254 365

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

R'000	Aandele-kapitaal	Aandele-premie	Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag ekwiteit te wees	Aandeel-gebaseerde betaling reserwe	Opge-hoopte verlies	Totaal
Saldo op 1 Julie 2007	506	209 602	–	724	(127 021)	83 811
Regte-uitgifte	125	74 827	–	–	–	74 952
Opsies uitgeoefen	4	1 079	–	–	–	1 083
Aandele- en skuldbrief-onkoste afgeskryf	–	(5 090)	–	–	–	(5 090)
Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag ekwiteit te wees	–	–	17 960	–	–	17 960
Opsies toegeken	–	–	–	10 467	–	10 467
Verlies vir die jaar	–	–	–	–	(42 398)	(42 398)
Saldo op 30 Junie 2008	635	280 418	17 960	11 191	(169 419)	140 785
Skuldbriewe in aandele omgeskep	7	3 727	(858)	–	–	2 876
Opsies toegeken	–	–	–	8 790	–	8 790
Verlies vir die jaar	–	–	–	–	(53 163)	(53 163)
Saldo op 30 Junie 2009	**642**	**284 145**	**17 102**	**19 981**	**(222 582)**	**99 288**

GESAMENTLIKE VERKLARING VAN DIE VOORSITTER EN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

OORSIG

Gedurende die dekade sedert die verkryging van Witkop Fluorspar Mine ("Witkop") deur Sallies in 1999 het die maatskappy 'n veranderlike besigheidsgeskiedenis as 'n vloeispaatprodusent gehad. Die finansiële jaar 2009 tot by die skryf hiervan is ongetwyfeld een van die onstuimigste tydperke in hierdie geskiedenis. Ongelukkig is die gesamentlike pogings van die bestuur om 'n gesonde onderneming op te bou en waarde vir aandeelhouers te lewer is deur die globale finansiële krisis van 2008 verydel. Gevolglik sal aandeelhouers weer na die toekoms moet kyk vir opbrengste op hulle belegging.

Die omswaai in bedryfswinste wat in FJ2008 behaal is, is gedurende FJ2009 (FJ2007: bedryfsverlies R21 miljoen); FJ2008: bedryfswins R8 miljoen; FJ2009: bedryfswins R80 miljoen) vervroeg. Soos onder "FINANSIERING" hieronder gedetailleer, is dit ironies dat die verlies na belasting of "netto wins" oor FJ2009 versleg het as gevolg van die voorsiening vir die Honeywell-toekenning en rente daarop, die statutêre IFRS-aanpassings en die waarde-daling van die Buffalo-bates.

Gedurende die eerste helfte van FJ2008, toe spekulatiewe verwagtinge vir die maatskappy deur openhartige verslaggewing deur die bestuur geneutraliseer is, het die aandeleprys tot 'n laagtepunt van 36 sent per aandeel gedaal. Nader aan die begin van FJ2009, namate bemarkings- en bedryfsuitdagings effektief aangepak is, en dit in die mark bekend geword het, het die aandeleprys tot 91 sent per aandeel herstel. Namate die felheid van die subprima-markkrisis in die VSA gedurende die eerste helfte van FJ2009 duidelik geword het, het die pryse van kommoditeite en kommoditeitgebaseerde ekwiteite wêreldwyd ineengestort.

Tesame met die algemene ineenstorting van die mark het die vraag na suurgraad vloeispaat verdamp namate voorrade afgebou is en gevolglik is bedrywighede by Witkop op Vrydag, 26 Junie 2009, opgeskort om kontant so lank moontlik te bewaar. Werknemers en hulle verteenwoordigers is in kennis gestel dat die bestuur op Maandag, 29 Junie 2009 met statutêre oorlegpleging oor uitdiensstellings sou begin. Hierdie sake is afgehandel na afloop van die finansiële jaareinde en Witkop bly op 'n versorging-en-instandhoudingsbasis teen 'n geraamde koste van tussen R2 miljoen en R3 miljoen per maand.

Indien Witkop heropen word, sal 'n aansienlike bedryfskapitaalinspuiting van waarskynlik tussen R50 miljoen en R100 miljoen vereis word.

BEMARKING

Die mark het vroeg in FJ2009 tot Oktober 2008 voortgegaan om te versterk. Pryse so hoog as USD500 per droë metrieke ton (dmt) VAB China is gerapporteer. Teen dié prysvlakke was Witkop en Buffalo albei winsgewend. Gedurende hierdie tydperk het Sallies genoeg kontrakte teen aantreklike pryse bekom om vir nagenoeg nege maande na die "ineenstorting" van Oktober 2008 met bedrywighede voort te gaan.

Verkope van alle vloeispaatgrade, slegs vanaf Witkop, gedurende FJ2009 teen 92 955 dmt was ongeveer 12% laer as FJ2008 (105 511 dmt). Hierdie daling was 'n direkte gevolg van die ineenstorting van die mark. Ongeveer 25 000 nat metrieke ton (nmt) voorraad uit produksie gedurende FJ2009 sal verkoop word om bestaande kontrakte in die eerste helfte van FJ2010 na te kom.

Verkope van alle kontrakte vanuit Buffalo vir FJ2009 teen 7 365 dmt was skerp laer as die 19 066 dmt van FJ2008 as gevolg van die tydelike uitbedryfstelling van hierdie bedrywighede. Buffalo het by die jaareinde ongeveer 3 500 nmt hoëfosforhoudende materiaal in voorraad gehad. Ongeveer 1 500 nmt hiervan is gedurende Augustus 2009 verkoop.

Ons nuwe bemarkingsagente het effektief gepresteer gedurende die jaar.

BEDRYWIGHEDE

Geen noodlottige ongelukke het gedurende die oorsigtydperk by die bedrywighede plaasgevind nie.

Witkop

Die laaste sterfte by Witkop het in November 2001 plaasgevind, en vanaf 30 Junie 2009 is 8 267 sterftevrye skofte gewerk. Die historiese gemiddelde ongeskiktheidbeseringsfrekwensiekoers ("OBFK") oor 12 maande was 1,71 (FJ2008: 3,63) by die jaareinde en die sesmaandegemiddelde vir die tweede helfte van FJ2009 was 0,49. Die ISO-graderingsagentskap Bureau Veritas Certification ("BVC"), wat die myn jaarliks volgens omvattende internasionaal aanvaarde bedryfstandaarde beoordeel, het hulle voorneme bekend gemaak om hulle graderingstandaarde teen Desember 2009 op te gradeer. Witkop se bestuur het versoek dat die opgegradeerde standaarde ses maande vroeg in Junie 2009 op sy jaarlikse gradering toegepas word. Slegs vyf kleiner bevindings is deur BVC ter tafel gelê. Dit is een weerspieëling van die voortgesette verbeterings by bedrywighede wat behaal is.

Notariële bekragtiging van nuwe-orde-mynregte vir sowel Wintershoek (bestaande bedrywighede) as Buffelshoek (moontlike toekomstige bedrywighede) het in Junie 2008 plaasgevind. Buffelshoek se regte is gedurende FJ2009 geregistreer en die registrasie van Wintershoek se regte is nog aan die gang.

Die totale afgeleide, aangeduide en gemete hulpbronne (laasgenoemde sluit waarskynlike en onverwaterde bewese reserwes in) het jaar tot jaar marginaal tot 68,3 miljoen ton teen 'n CaF2-graad van 14,1% (30 Junie 2008: 69,7 miljoen ton teen 14,09%) gedaal.

'n Allerbelangrike bedryfsuitdaging vir Witkop is die behaling van toevoergrade wat behoorlik met die reserwe/hulpbron-graad ooreenstem. Hierdie rekonsiliasie is tot onlangs gefrustreer deur die feit dat bogrondse boorgraadinligting (gebaseer op boorgatspasiëring van 25 m tot 50 m) sedert 2002 nie bygewerk is nie weens 'n gebrek aan fondse. Sedert Maart 2009 is meer as 4 500 meter invulboorwerk voltooi met behulp van 'n nuut verkreë tru-sirkulasieboor wat met die allermodernste monsterneminstoerusting toegerus is. Nagenoeg 5 miljoen ton erts (ontginning van twee tot drie jaar) was teen die jaareinde uitgeboor en die ontledings van voltooide monsters word in die geologiese model ingesluit. Gegewe die uiterste belang van eksplorasie vir toekomstige bedrywighede het die direkteure die voortsetting van boorwerk tot einde September 2009 gemagtig. As en wanneer Witkop heropen word, sal die grondslag vir verhoogde graadrekonsiliasie gevolglik in posisie wees.

Die produksie van vloeispaat van alle grade het 119 945 nmt beloop, marginaal hoër as die 118 137 nmt van FJ2008. Die toestand van die groewe, gelyktydige rehabilitasie en die bestuur van slikdamme was almal positiewe eienskappe van hierdie jaar se bedrywighede by Witkop.

Buffalo

Geen noodlottige ongelukkie het by Buffalo plaasgevind sedert die myn in Augustus 2006 heropen is nie en sedert 30 Junie 2009 is 2 451 sterftevrye skofte gewerk.

Die myn het sy permit ontvang om na ondergrondse erts te soek, maar die bogrondse nuwe-orde-mynregte, waarvoor Rooiberg Stone aansoek gedoen het, is nog nie goedgekeur nie.

Die Buffalo-bedrywighede is sedert Oktober 2008 tydelik uit bedryf gestel. Empiriese toetswerk met die oog op die verlaging van fosforhoudende vlakke in die vloeispaat wat uit uitskotdamme 5 en 6 geproduseer word, toon bemoedigende resultate. Indien hierdie toetse toon dat die fosforinhoud verlaag kan word tot vlakke wat met Witkop vergelykbaar is, kan Buffalo heropen word om materiaal uit hierdie uitskotdamme te behandel.

Toetswerk is aan die gang ten opsigte van fynerts wat vloeispaat bevat uit Rooiberg Stone, die eienaar van aansienlike aggregaathope wat geproduseer is uit die swaarmedium-skeidingskringlope wat oorspronklik op die eiendom gebruik is. Indien die resultate van hierdie werk positief is en onderhandelinge met Rooiberg Stone slaag om hierdie toevoer te verseker, kan Buffalo dié materiaal in plaas van uitskot verwerk.

Produksie van alle vloeispaatgrade was 5 031 nmt (FJ2008: 25 720 nmt).

FINANSIERING

Deurlopende verbetering van finansiële verslagdoening was 'n eienskap van hierdie jaar en het dit moontlik gemaak om tydige besluite met betrekking tot die lewensvatbaarheid van bedrywighede te neem.

Op 30 Junie 2009 het netto kontant en nabykontant R31 miljoen bedra. Bedryfswins uit mynbou vir FJ2009 was R80 miljoen (FJ2008: R8 miljoen). Wins voor voorsiening vir die Honeywell-toekenning, rente daarop, en die waardedaling van Buffalo-bates was R44 miljoen (FJ2008: verlies R31 miljoen) en die verlies na belasting was R53 miljoen (FJ2008: R42 miljoen).

Die Switserse Arbitrasietribunaal wat met die Honeywell-kwessie gehandel het, het USD1 243 824 (18% van hulle oorspronklike eis) plus rente teen 5% per jaar vanaf 19 Januarie 2006 aan Honeywell toegeken, 'n totaal van USD1 458 000 indien dit teen 30 Junie 2009 betaal was. Op 19 Mei 2009 het Sallies 'n aansoek vir die hersiening van hierdie toekenning ingedien en gevolglik is die bedrag nie betaal nie. Daar is egter in die finansiële state ten volle voorsiening gemaak vir die Honeywell-toekenning en rente daarop.

Solvadis, 'n agent vir Sallies in Europa, het 'n eis van USD500 000 voortspruitend uit die kansellasie van hulle kontrak ingestel. Die arbitrasieklousule in hierdie kontrak het voorsiening gemaak vir duur regsprosesse in Switserland. Sallies en Solvadis het die eis minlik geskik op USD225 000, wat die weg baan vir moontlike toekomstige samewerking.

Sallies is betrokke in 'n geskil met SAID oor BTW-terugbetalings van R3,2 miljoen. Indien hierdie geskil misluk, sal dit 'n debiet van R2,3 miljoen in Sallies se inkomstestaat tot gevolg hê. Witkop is betrokke by verskillende geskille met SAID oor die terugbetaling van inkomstebelasting van R6,7 miljoen. Indien al Witkop se geskille misluk, sal SAID 'n eis vir R0,7 miljoen voor rente teen Witkop hê en dit sal 'n debiet van R3,5 miljoen voor rente in Witkop se inkomstestaat tot gevolg hê, omdat Witkop voorafbetaalde inkomstebelasting van R2,8 miljoen op sy balansstaat het.

MENSEHULPBRONNE

Heelwat van die uitstekende werk wat gedurende die oorsigtydperk by Witkop op ons mensehulpbronne gefokus was, is oorskadu deur die opskorting van bedrywighede nader aan die einde van Junie en die begin van 'n konsultasieproses vir die uitdiensstelling van ons werknemers en hulle verteenwoordigers. Hierdie betreurens-waardige besluit is verhaas deur die dringende behoefte om skaars kontantmiddele te bewaar om te kan oorleef in afwagting van 'n herstel van wêreldmarkte, spesifiek die uitvoermark vir suurgraad vloeispaat.

Arbeidsvrede, gebaseer op gereelde wisselwerking tussen bestuur, werknemers en hulle verteenwoordigers, was 'n eienskap van FJ2009. Die opening van 'n gesondheidskliniek op die terrein hierdie jaar het werknemers gehelp met kleiner beserings en kwale en het ons pogings met 'n nuwe MIV/vigs-bewustheidsveldtog gesteun. 'n Onlangse oudit onder werknemers het kandidate geïdentifiseer wat by geletterdheids- en wiskundeopleiding vir volwassenes kan baat. Al hierdie inisiatiewe wag nou op 'n herstel van die mark.

'n Klein kern tegniese en bestuurspesialiste is op die terrein behou om die verantwoordelikhede van 'n myn wat tydelik uit diens gestel is, te bestuur en die kernvaardighede wat vereis word vir beplanning vir die toekoms en die vinnige herbou van die organisasie, as en wanneer dit gepas word, te behou.

KORPORATIEWE BESTUUR

Gedurende die jaar het Sallies sy situasie aansienlik verbeter wat korporatiewe bestuur betref. Aanstellings in die direksie het dit moontlik gemaak om 'n Ouditkomitee met 'n onafhanklike nie-uitvoerende voorsitter en 'n meerderheid van onafhanklike nie-uitvoerende direkteure op die been te bring. 'n Direksiehandves is goedgekeur en 'n etiese kode vir direkteure, beamptes en bestuur is geïmplementeer. Die maatskappy het ook gepoog om die maatskappy se statute, wat ouer as 'n eeu is, te moderniseer, maar dit is verydel deur gebeurtenisse na die jaareinde soos hieronder gerapporteer.

VOORUITSIG VIR BEDRYWIGHEDE

Witkop ontgin 'n laegraadse hoogs veranderlike afsetting en is gevolglik 'n medium/hoëkoste-produsent wat sterk ingestel is op die Randprys vir vloeispaat. Dit het geblyk uit die aansienlike winste van spesifieke maande gedurende FJ2009. Uit 'n operasionale mynbou/aanleg-oogpunt is groot vordering by Witkop gedurende die jaar gemaak en die bedrywigheid sal lewensvatbaar wees indien die markomgewing verbeter en dit op 'n permanent hoër vlak volgehou word. Indien die toetswerk ten opsigte van óf die hoëfosforhoudende vloeispaat uit uitskotdamme 5 en 6 óf die fynerts uit aggregaathope suksesvol blyk, dui aanvanklike berekenings daarop dat Buffalo weer tot die mark kan toetree as 'n lae/mediumkoste-produsent.

Sallies was gedurende FJ2009 aktief op die grond in Zambië en Mosambiek en gaan voort met pogings om permitte ten opsigte van hoëgraadse vloeispaatafsettings te bekom ten einde laer af met die internasionale produksiekostekromme te beweeg.

Ten slotte bedank ons alle belanghebbers in Sallies – aandeelhouers; reguleringsinstansies; verskaffers; ons mede-direkteure en, die belangrikste van almal, besture, werknemers en hulle verteenwoordigers by die bedrywighede – vir hulle toegewyde en onbaatsugtige ondersteuning gedurende die jaar.

GEBEURTENISSE NA DIE JAAREINDE

Uit 'n beleggingsoogpunt is heelwat van ons maatskappy se geskiedenis wat hierbo geskets word, verdring deur gebeurtenisse na 30 Junie 2009. Op Donderdag, 30 Julie 2009 is meer as 30% van Sallies se gewone aandele op die JSE verhandel. Op Dinsdag, 4 Augustus 2009 het Firebird Global Master Fund, Limited en sy geaffilieerde, Firebird Global Master Fund II, Limited, spesialisverskansingsfondse wat in New York gesetel is, wat sedert 2008 ongeveer 25% van Sallies se gewone aandele gehou het, aangekondig dat hulle hul aandeelhouding tot 63% teen 'n prys van 18 sent per aandeel vergroot het en beoog om die aandele wat hulle nie reeds hou nie deur middel van 'n aanbod aan minderhede teen 18 sent per aandeel te verkry. Hierdie aanbod is vervolgens op Dinsdag, 2 September 2009 gedoen en uitgebrei na die houers van omskepbare skuldbriewe, ook teen 18 sent per omskepbare skuldbrief. U direkteure het 'n onafhanklike beoordeling van hierdie aanbod in opdrag gegee en u direksie het aanbeveel dat die houers van gewone aandele die aanbod behoort te aanvaar, maar nie die houers van omskepbare skuldbriewe nie.

Na bogenoemde aandeleverkrygings het die nuwe beherende aandeelhouer teen sekere besluite gestem wat op 'n spesiale algemene vergadering wat vir Vrydag, 14 Augustus 2009 belê is aan aandeelhouers voorgelê is. Die besluite, met betrekking tot die hersiene statute, magtiging vir die maatskappy om sy eie aandele en skuldbriewe terug te koop en die wysiging van die aandeleopsies van menere Dale en Blersch is nie goedgekeur nie.

Gedurende September 2009 het Witkop Fluorspar Mine 318 van sy werknemers in kennis gestel dat hulle diens op 30 September 2009 sal eindig. Die koste van hierdie uitdienstelling sal R6,6 miljoen wees.

Fred Roux
Voorsitter

Tom Dale
Hoof Uitvoerende Beampte

Johannesburg
21 September 2009

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die geouditeerde finansiële inligting van die groep vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 is aangebied in ooreenstemming met, en bevat die inligting wat vereis word deur, IAS34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening. Die resultate is in ooreenstemming met rekeningkundige beleide van die groep wat aan Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die noteringsvereistes van die JSE Beperk voldoen opgestel en is konsekwent in die hele groep toegepas op alle tydperke wat aangebied word.

Die geouditeerde finansiële inligting van die groep wat hierbo uiteengesit word, is uit die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 opgestel.

GEWYSIGDE OUDITVERSLAG

BDO Spencer Steward het 'n gewysigde ouditverslag oor die finansiële jaarstate van die maatskappy vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 uitgereik.

Hulle het die aandag gevestig op die openbaarmaking deur die direkteure met betrekking tot die maatskappy se vermoë om as 'n lopende onderneming voort te gaan.

Die gewysigde ouditverslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

JAARVERSLAG 2009, DIE FIREBIRD-AANBOD EN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die jaarverslag vir 2009 sal op of omtrent op Woensdag, 23 September 2009 gepos word.

Die Firebird-aanbod om die gewone aandele en die omskepbare skuldbriewe wat hulle nie hou nie te verkry, sluit op Vrydag, 2 Oktober 2009.

Die 107de algemene jaarvergadering van Sallies sal om 15:00 op Donderdag, 22 Oktober 2009 by Summer Place, Melvilleweg 69, Hyde Park, gehou word.

Direkteure:
Fred Roux*• *(Voorsitter)*, Tom Dale *(Hoof Uitvoerende Beampte)*
Johann Blersch *(Finansiële Direkteur)*, Patrick Cooke*, Barney Esterhuyzen*•
Dennis Kerrison* • (Brits), Jürgen Kögl*, Stephen Morris* (Brits)
Sandile Swana*•
* *Nie-uitvoerend* • *Onafhanklik*

Geregistreerde kantoor:
BDO Place, Roderickweg 457, Lynnwood, Pretoria, 0081
(Posadres: Privaat Sak X1315, Zeerust, 2865)

Ouditeure:
BDO Spencer Steward
BDO Place, Roderickweg 457, Lynnwood, Pretoria, 0081
(Posbus 95436, Waterkloof, Pretoria, 0145)

Oordragsekretaris:
Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk
(Registrasienommer 2004/003647/07)
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Borg:
Bridge Capital Advisors (Edms) Beperk
2de Verdieping, Frickerweg 27, Illovo Boulevard, Illovo, 2196

SALLIES BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1903/001879/06)
JSE-aandeelkode: SAL ISIN: ZAE000022588
("Sallies" of "die maatskappy" of "die groep")

Webwerf: www.sallies.co.za

motiv